

DIE XTREME HOËRSKOOL EN STUDENTE BEDIENING

Saamgestel deur Tania Berrangé vir die vestiging van 'n effektiewe en doelgerigte jeugbediening tydens haar jeubediening Augustus 2002 – Februarie 2011

*Inligting is saamgevat vanuit
Doug Fields se boek PURPOSE DRIVEN YOUTH MINISTRY
En John Maxwell se 5 vlakke van leierskap*

DIE VISIE EN DOELSTELLINGS VAN HIERDIE JEUGBEDIENING

Die doel van Xtreme Hoërskool & Studente Bediening is om

jongmense aan God se liefde BLOOT TE STEL (evangelisasie)

hulle TOE TE RUS (dissipelskap)

om God te VERHEERLIK (aanbidding)

en mede-gelowiges se vriendskap te GENIET (fellowship)

en die werk van bedieninge te ERVAAR (bedieninge)

INDEKS

Komponent 1 : Verstaan die generasies

Komponent 2: Die krag van God vir 'n gesonde jeugbediening

Komponent 3 : Doelgerigtheid gee betekenis aan jou bediening.

Komponent 4 : Identifiseer jou potensiële gehoor vir doeltreffendheid

Komponent 5 : Reflekteer jou visie en doelgerigtheid in die jeugprogramme

Komponent 6 : Kommunikeer die geestelike groeiplan

Komponent 7 : 'n Familie-vriendelike jeugbediening (neem ouers in ag)

Komponent 8 : Kwaliteit leiers vir 'n gesonde en effektiewe bediening

Komponent 9 : Volharding en deursettingsvermoë

DIE VISIE VAN HIERDIE TOERUSTINGSMATERIAAL IS OM

die gemeenskap te bereik en te beïnvloed
deur 'n groot Bybelgebaseerde gemeente te bou
wat die ingesteldheid van jongmense verander
wat hulle in staat stel om leiding te neem
en 'n impak te maak in elke area van hulle lewe

DIE MISSIE VAN HIERDIE TOERUSTINGSMATERIAAL IS OM

'n nuwe geslag op te rig vir Christus wat groter is deur evangelisasie,
sterker deur aanbidding, warmer deur fellowship, dieper deur dissipelskap en wyer deur
bedieninge.

'n Geslag wat gemotiveer en opgewonde is in en deur Jesus Christus,
die Outeur van die lewe!

Komponent 1

VERSTAAN DIE GENERASIES

Na 'n jaar in die voltydse bediening met jongmense het die jeugbediening gestagneer, en het ek nie geweet waarheen nie. Ek het geweet dat 'n visie saamgestel moes word om te verseker dat hierdie bediening groei. Ek was nie tevrede om net van week tot week te gaan nie. Jesus het vir ons 'n opdrag gegee (Matt 28:19-20) en ek was gedetermineer om dit uit te voer. Maar hoe?

Ek besef vandag dat daar heelwat predikante en jeugwerkers is wat moedeloos geword het, wanneer dit kom by die jeugbediening. Ek vertrou dat soos jy deur hierdie boekie werk, die Heilige Gees inspraak in jou lewe as 'n leier sal hê. My gebed is dat jy gemotiveer na jou jeugbediening sal gaan en JESUS FREAKS kweek wat PLANETSHAKERS sal word. Die Here het ons gemaak om HISTORY MAKERS te wees en 'n verskil te maak. Ek glo dat vandag se jongmense die herlewingsgenerasie is en dat God besig is om jongmense op te rig wat die herlewing gaan begin.

Vir dié wat sê hulle verstaan nie vandag se jongmense nie, het ek besluit om die redes te verstrek waarom hulle nie verstaan word nie. Naamlik dat die generasie gaping groter is as ooit. Dit is belangrik dat ons die verskillende generasies sal verstaan en by die generasies sal aanpas. Dat ons mekaar in ag sal neem en nie aftakel nie.

1.1 DIE G/ GENERASIE

- Hierdie is die oudste generasie wat nog leef.
- Hulle is gebore tussen 1910 - 1930.
- Word ook genoem die "Government Issue" generasie.
- Hulle het deur die eerste wêreld oorlog en die *Titanic* tragedie geleef.
- Hulle glo hoe harder jy werk hoe meer word jy beloon.
- Hulle glo dat almal moet saamstem, almal moet op dieselfde manier werk, dieselfde lyk.
- *Super Man* was gebore in hierdie generasie.

1.2 DIE SILENT GENERASIE

- Hierdie generasie is gebore tussen 1931-1949.
- Tydens die generasie moes kinders gesien word en nie gehoor nie.
- Hierdie generasie pas maklik aan by verskillende omstandighede, want hulle het deur die groot depressie in die 2de wêreld oorlog geleef.
- Hulle soek avontuur.
- Hulle glo in harde werk, sekuriteit and stabiliteit.
- Hulle kla nie maklik nie, want niemand het gesê dit gaan maklik wees nie.

1.3 DIE BABY BOOMER GENERASIE

- Hierdie generasie is gebore tussen 1948-1970.
- Hulle het wonderlike ekonomiese groei ervaar en glo daarom hulle het al die antwoorde en kan enigiets bereik en kan enigiets beter en groter doen.
- Hulle rebelleer teen grenslyne en groei in voorspoed.
- Hulle het groot geword in die era waar daar op die maan geland is, 'n era van *Captain Kirk* in *Star Trek Enterprise*, Barbie en Ken, Beatles, Vietnam oorlog, die "pil" en die sluipmoord op Martin Luther King en John Kennedy.
- Hulle is idealisties en materialisties en is die eerste *yuppies*.

1.4 GENERASIE X

- Hierdie generasie is gebore tussen 1965-1990.
- Word nie deur die ander generasies verstaan nie.
- Word gedefinieer vir wie hulle nie is nie, eerder as wie hulle wel is.
- Is gebore gedurende apartheid maar het nie daarin deelname gehad nie.
- Het in era grootgeword waarin hul ouers meer betrokke is in hul loopbane as in hul families.
- Het in die era van, rekenaars, *Bart Simpson* en *Hip Hop* Musiek, die ontdekking van VIGS en die val van die muur van Berlyn groot geword.
- Daar word verwag dat hulle vinnig en onafhanklik moet opgroeï en 'n onafhanklike lewe leef, om die egskeiding van hulle ouers te oorleef.
- Hulle rebelleer nie, maar is onafhanklik en nie lojaal teenoor 'n werk nie.

1.5 DIE MILLENNIUM GENERASIE

- Is gebore na 1990.
- Het geen kennis van apartheid.
- Fokus op vriende, *brand names* en tegnologie.
- Het deur 9/11, golf oorlog en *terror attacks* geleef.
- Sms, e-pos en VIGS is wel bekend.
- Is amper dieselfde as die *G1* generasie - hulle dink meer aan die gemeenskap as aan die individu.
- Hulle het nie individuele helde nie, eerder karakters soos *Power Rangers* en musiekgroepe soos *West Life*.
- Hulle visie in die toekoms is wyer as die X'ers.

1.6 VERSKILLENDIGE GENERASIES LEEF SAAM

- Die wêreld waarin ons leef het drasties verander.
- Harrods in London het in die 1900's 'n revolusionêre nuwe uitvindsel gerapporteer naamlik: die huisbak. Hulle was bekommerd oor watter fisiese effek dit op mense sou hê, wanneer die huisbak so vinnig met 12 verdiepings opgaan.
- Vandag moet alles wat nuuts is onmiddellik uitprobeer word.
- Advertensies sê: *just do it!*
- Die klagte van die dag is: *been there, done that and got the t-shirt.*
- Die televisie het ons venster tot die wêreld geword.
- Die televisie wys ons nie net die wêreld nie, maar dit verander dit in enige vorm wat die vervaardigers wil hê dit moet wees.

1.7 NUWE TAAL

- Taal van *megabytes, RAM, VR, cyberspace*, en die *net*.
- Hierdie woorde het absoluut geen betekenis vir meeste mense 60 jaar en ouer nie.
- Meeste oumas en oupas kla dat hulle nie 'n idee het waarom hulle kleinkinders praat nie.

1.8 DIE EERSTE WARE GENERASIE GAPING

Die tegnologie ontplofing het die eerste groot generasie gaping in die menslike geskiedenis teweeg gebring. In die verlede het jongmense ander musiek geluister en hulle hare anders gedra om hulle eie identiteit te bewys. Vandag leef hulle net eenvoudig in 'n heel ander wêreld. Hulle is *plugged in*, hulle is *on-line*, en hulle sien die wêreld deur 'n lens wat die ouer mense nie eers geweet het bestaan nie.

Die jeug is nie die kerk van môre nie, hulle is die kerk van vandag. Navorsing toon dat teen 2010, 70% van die populasie onder die ouderdom van 21 sal wees. Tensy die ouer mense nie ruimte maak vir die jongmense in die kerke nie, het die kerk geen toekoms nie.

Ons leef in 'n gebroke wêreld waar jongmense die krag van God meer as ooit in hulle lewens nodig het. As kerk is ons in die perfekte posisie om die boodskap van hoop uit te dra na 'n generasie wat besig is om verlore te gaan. Dit is ons verantwoordelikheid om leiers op te rig wat by ons kan oorneem.

Die visie wat in hierdie boekie weergegee is, het my gehelp om my bediening weer terug op die spoor te bring. Elke program is ontwerp om ons visie te fasiliteer. Elke program is gebaseer op die bou van verhoudinge tussen mense en tussen mens en God. Doelgerigtheid in my bediening het my gehelp om te verstaan hoekom ek in hierdie bediening is, wat my verantwoordelikheid is, en hoe ek dít gaan doen wat God my geroep het om te doen. Doelgerigtheid het ook gehelp dat ek weet waarheen ek oppad is. Ek kon egter nie die hele visie op een slag implementeer nie. Dit neem tyd. Ek moes dit stap vir stap doen, soos die jongmense geestelik groei.

Ek vertrou dat jy ook in jou bediening gemotiveerd sal wees om 'n verskil te maak in 'n generasie wat uitroep na verandering. 'n Generasie wat uitroep na God! God het jou nodig om die verskil te maak in jongmense se lewens. Ek vertrou dat die inligting in hierdie boekie jou sal help soos dit my gehelp het. Ek bid God se seën toe op jou lewe en jou bediening.

DIE KRAG VAN GOD VIR 'N GESONDE JEUGBEDIENING

'n Gesonde jeugbediening vereis geestelik gesonde leiers. *"All leaders are learners, the moment you stop learning, you stop leading."* **Daar is 'n direkte verband tussen 'n leier se geestelike groeikrag en 'n gesonde jeugbediening.** Dit is belangrik dat 'n leier gefokus en doelgerig bly en God se doel vir die betrokke generasie deurvoer. Die krag van God werk deur passievolle leiers met suiwer harte. Studente het nie goeie programme nodig nie, maar rolmodelle, wat manne en vroue van God is en passievol is oor God. YOUR PASSION WILL BE CONTAGIOUS! Jou studente sal wil hê wat jy het!

- Erken God se krag deur nederigheid (1 Korintiërs 1:31).
- Onderwerp jou talente en vermoë aan God en laat Hom toe om deur jou te werk.
- Fokus eers om 'n persoon van God te wees, voor jy fokus om die werk van God te doen.

2.1 BELANGRIKHEID VAN 'N JEUGWERKER

- Die ingesteldheid en lewenswyse (rolmodel) van die jeugwerker sal bepaal wie, wat en hoe die jeug onder hom/haar vir die volgende paar jaar sal wees.
- Die verwagtinge wat die jeugwerker aan die studente stel sal uiteindelik tot in 'n sekere mate 'n realiteit word in die lewens van die studente.
- Die jeugwerker is die een persoon met die meeste geestelike impak op die jeug se geestelike ontwikkeling.
- Die jeugwerker moet geanker wees in volwassenheid, maar bereid wees om die reis van groei en ontwikkeling saam met die studente te stap.

Navorsing het getoon dat jongmense na die volgende eienskappe in 'n jeugwerker soek:

'n Rolmodel, beskikbaarheid, sin vir humor, maklik om mee te praat, 'n goeie luisteraar, iemand wat 'n verhouding met God het, iemand wat geroepe is om met jeug te werk. Moet jeug help om hulself te ontdek. Moet God se Woord, boodskappe en leringe goed kan verduidelik en leer pret maak. Moet respek teenoor die jeug en ander toon, geduldig en self-beheersd wees en 'n goeie selfbeeld hê.

2.2 EIENSKAPPE IN 'N JEUGWERKER

- ♦ **Geestelike karaktereienskappe:** Die jeugwerker moet 'n wedergebore kind van God wees en absoluut 'n rolmodel as 'n man/vrou van God wees. Sy/haar geestelike lewe moet konsekwent en gebalanseerd wees. Konstante groei en ontwikkeling moet in sy/haar geestelike lewe merkbaar wees.
- ♦ **Emosionele en sosiale karaktereienskappe:** Die jeugwerker moet 'n sekere vlak van volwassenheid en lewenservaring in die lewe bereik het. Hy/sy moet oor die vermoë beskik om sy/haar emosies te beheer en moet emosioneel stabiel wees. Die jeugwerker moet verder oor die vermoë beskik om goed met mense oor die weg te kom (verhoudinge bou), betroubaar wees en op staatgemaak kan word. Moet 'n dinamiese individu wees wat goed kan praat in die publiek.

- ♦ **Intellektuele karaktereienskappe:** Dit is belangrik dat die jeugwerker intellektueel sal groei in kennis en wysheid. Hy/sy moet gedurig oor die jeug en oor hom-/haarself leer. Dit is belangrik om gereeld boeke te lees, te studeer, reflekteer en oor die dinge van die Here en sy doel met die jeug te dink. So 'n persoon moet goed georganiseer wees, beplanning doen, gefokus bly en weet waarheen hy/sy oppad is met betrekking tot die jeugbediening.
- ♦ **Fisiese eienskappe:** Die jeugwerker moet hard en lang ure kan werk en 'n fisiese stamina besit om die stres in hierdie bediening te hanteer. Dit is belangrik in hierdie bediening om doelbewus tyd uiteen te sit vir rus en ontspanning. 'n Ongebalanseerde lewe kan tot uitbranding lei. Dit sal help indien leiers wat met jeug werk, 'n netjiese komtemporêre voorkoms het. Hulle sal meer impak op jongmense se lewens maak as die studente met hulle kan identifiseer en hulle kan respekteer.
- ♦ **Gesindheid teenoor die jeug:** 'n Jeugwerker moet lief wees vir jongmense. 'n Paar gesindheids- en karaktereienskappe wat belangrik is, sluit in: geduld, vriendelikheid, 'n sin vir humor, nie ongeskik wees nie, nie selfsugtig wees nie, nie gou kwaad word nie, moet jeug beskerm, moet vertrou kan word, is 'n motiveerder en 'n rolmodel. Die jeugwerker moet ook gereed wees dat die studente sy/haar karakter sal toets en moet nie maklik geskok word nie (hulle moet alles gewoon wees).
- ♦ **Verhouding tot die kerk:** Die jeugwerker moet deur die betrokke gemeente aangestel word en moet aan die presiderende pastoor verantwoording doen. Dit moet verkieslik 'n persoon wees wat lojaal is teenoor die kerk en wat sy/haar samewerking gee met betrekking tot die visie van die gemeente. Hierdie werker moet hom-/haarself bewys voor die aanstelling deur sy/haar toewyding, getrouheid en gesindheid teenoor hom-/haarself, God en ander gesag.

2.3 VLAKKE VAN LEIERSKAP

Na aanstelling is dit belangrik dat die jeugwerker deur die volgende vlakke van leierskap beweeg en nie stilstaan in sy/haar hoedanigheid as leier nie:

2.3.1 Die posisionele vlak

100% van jeugwerkers bereik hierdie vlak. Die enigste invloed wat jy het is dié wat gepaard gaan met jou titel. Jy mag in "kontrole" wees want jy is in die posisie aangestel. Jy mag gesag hê, maar ware leierskap behels meer as om gesag of kontrole te hê. Hierdie vlak word bereik deur aanstelling. Al die ander vlakke word bereik deur vermoë.

Hoe om na die volgende vlak van leierskap te beweeg

- Weet wat jou taakoms krywing is en wat van jou verwag word.
- Ken die geskiedenis van die organisasie/kerk waar jy jouself bevind.
- Deel die organisasie/kerk se geskiedenis met die mense binne die organisasie (m.a.w. wees 'n medespeler).
- Aanvaar jou verantwoordelikhede.
- Doen jou take met uitnemendheid.
- Doen meer as wat van jou verwag word.
- Maak kreatiewe voorstelle vir veranderinge en verbeterings.

2.3.2 Die verhoudingsvlak

85% mense bereik hierdie vlak. Mense volg jou omdat hulle wil en omdat hulle van jou hou. Mense gee nie om hoeveel jy weet voordat hulle weet hoeveel jy omgee nie. Leierskap begin in die hart, nie met die kop nie. Leierskap floreer op 'n betekenisvolle verhouding, nie met meer regulasies en wette nie. Op hierdie vlak word tyd en energie op die individu se behoeftes en begeertes gefokus. Jy kan mense liefhê sonder om hulle te lei, maar jy kan nie mense lei sonder om hulle lief te hê nie. Verhoudinge is die fondament van leierskap. Almal wil voel hulle is waardevol. Mense wil voel hulle behoort, en is belangrik. Aanmoediging is die suurstof van die siel.

Hoe om na die volgende vlak van leierskap te beweeg

- Besit 'n ware liefde vir mense.
- Maak dié wat saam met jou werk meer suksesvol.
- Sien deur ander mense se oë.
- Hou meer van mense as van prosedures.
- Wat jy doen, doen dit om 'n wenner te wees.
- Sluit ander by jou reis in.
- Hanteer moeilike mense met wysheid.

2.3.3 Die produksievlak

Mense volg jou vir dit wat jy vir die organisasie gedoen het en hulle admireer jou. Dit is hier waar die meeste mense sukses ervaar. Hulle hou van jou en dit wat jy doen. Probleme word met min moeite opgelos as gevolg van momentum. Op hierdie vlak gebeur goeie dinge: profyt vermeerder, moraal is hoog, behoeftes word vervul, doelwitte word bereik. Om ander te lei en te beïnvloed is pret, statistieke word op 'n gereelde basis gedeel met hulle wat verantwoordelik is vir die groei. Almal is resultaat-georiënteerd, resultaat is die hoof rede vir die aktiwiteite. Op verhoudingsvlak kom mense saam vir fellowship – om verhoudinge te bou. Op die produksievlak kom mense saam om 'n doelwit te bereik. Hulle is resultaat georiënteerd.

Hoe om na die volgende vlak van leierskap te beweeg

- Inisieer en aanvaar verantwoordelikheid vir groei.
- Ontwikkel en volg na die verklaring van voorneme – visie.
- Plaas jou taakoms干wing en energie in die bereiking van die doelwitte.
- Ontwikkel verantwoordelikheid vir resultate – begin by jouself.
- Ken en doen dinge wat 'n hoë omset het.
- Dra die strategie en visie van die organisasie gereeld oor.
- Word 'n *change-agent*.
- Verstaan tydsberekening.
- Maak die moeilike besluite wat 'n verskil sal maak.

2.3.4 Mense ontwikkelingsvlak (Reproduksie)

35% mense bereik hierdie vlak. Sukses sonder 'n opvolger is 'n mislukking. 'n Werker se hooftaak is om self die werk te doen. 'n Leier se hooftaak is om ander te ontwikkel om die werk te doen. 'n Leier is groot, nie as gevolg van sy of haar mag nie, maar as gevolg van sy of haar vermoë om ander te bemagtig. Mense volg jou as gevolg van dit wat jy vir hulle gedoen het. Dit is hier waar langtermyn groei plaasvind. Jou toewyding om leierskap te ontwikkel verseker deurlopende groei vir die organisasie en sy mense. Jy wen mense se harte deur hulle te help om

te ontwikkel. Die organisasie groei van 'n leier na verskeie leiers. Sukses hang nou van ander af – daarom moet hulle in wie jy wil belê sorgvuldig gekies word. Langtermyn groei is nou moontlik. Getrouheid neem sterk toe as gevolg van die mentor proses.

Hoe om na die volgende vlak van leierskap te beweeg

- Besef dat mense jou grootste bate is.
- Maak dit 'n prioriteit om mense te ontwikkel.
- Wees self 'n voorbeeld vir ander om na te volg.
- Belê leierskap ontwikkeling in die 30% top mense.
- Stel leierskap aan “goeie tendense” bloot.
- Betrek ander wenners/produseerders in doelwit bereiking.
- Wees omring deur 'n groep wat jou leierskap komplementeer.
- Maak leiers in plaas van volgelinge.

2.3.5 Integriteit en ervaringsvlak

Sowat .03% mense bereik hierdie vlak. Mense volg jou vir wat jy is en waarvoor jy staan. Slegs 'n leeftyd van sterk leierskap sal jou hierdie vlak laat bereik. Hierdie vlak word gereserveer vir mense wat jare gespandeer het om mense en organisasies te laat groei. Slegs 'n paar bereik dit, sowat .03%. Hulle is groter as die lewe self. Dit is die kroningsgeleentheid van 'n leier.

Jy kan nie na 'n volgende vlak van leierskap beweeg nie

- Jou volgelinge is lojaal en opofferend.
- Jy het jare spandeer om leiers te mentor en te vorm.
- Jy het 'n staatsman/konsultant geword en is geliefd onder andere.
- Jou grootste vreugde lê daarin om ander te sien groei en ontwikkel.
- Jy is waardevol en voortreflik vir die organisasie.

2.3.6 BEGINSELS OM IN LEIERSKAP TE GROEI

- **Hoe hoër jy gaan, hoe langer neem dit:** Elke keer wanneer jy van organisasie/gemeente verander, begin jy by die eerste vlak van leierskap en moet jy jouself opwerk.
- **Hoe hoër jy gaan, hoe hoër die vlak van toewyding:** Groter toewyding word nie alleen van jou vereis nie, maar ook van die ander individue wat betrokke is. Die oomblik wat die leier of volgelinge onwillig is om die opoffering te maak wat 'n nuwe leierskapvlak vereis, sal invloed begin afneem.
- **Hoe hoër jy gaan, hoe makliker word dit om te lei:** Die fokus verskuif van “ek hou van jou” na “ek hou van wat jy doen in belang van almal betrokke”. Elke trap wat die leier en sy volgelinge klim is nog 'n rede waarom mense wil volg.
- **Hoe hoër jy gaan, hoe groter die groei:** Groei kan net gebeur wanneer effektiewe verandering plaasvind. Verandering sal makliker word soos wat jy die trappe van leierskap klim. Soos jy klim, sal ander mense jou toelaat en selfs help om die nodige veranderinge te maak.
- **Moet nooit die basis verlaat nie:** Elke vlak van leierskap is gebou op die vorige en sal verkrummel indien die laer vlak nagelaat word. Soos wat jy in vlakke styg, sal jou leierskap met persone of groepe versterk.
- **Wanneer jy 'n groep mense lei, sal jy nie op dieselfde vlak met almal wees nie:** Daarom sal almal nie op dieselfde wyse op jou leierskap reageer nie. Vir jou leierskap om effektief te bly, sal dit nodig wees om die ander beïnvloeders in jou groep saam met jou na hoër vlakke te neem. Indien dit gebeur, sal die gesamentlike invloed van jou en die ander leiers die res van

die groep saamneem. Indien dit nie gebeur nie, sal daar verdeelde belangstelling en dislojaliteit in die groep voorkom.

2.4 JEUGWERK IS SPANWERK!

Die volgende eienskappe in leiers se lewens sal help om 'n sterk bedieningspan te bou:

- 'n sterk gebeds- en verhoudingslewe met God;
- verhouding-gefokus en nie program-gesentreerd nie; toegewyd aan God, mede-bedienaars en bediening;
- leerbare gees en 'n begeerte om te groei en ontwikkel;
- konfidentiële sake respekteer;
- verantwoordelik wees en aanspreeklikheid aanvaar;
- die verantwoordelikheid erken om 'n positiewe rolmodel te wees;
- eerlik met self en ander en betroubaarheid;
- nie 'n kritieke gees hê nie;
- probleme met mekaar kommunikeer;
- inisiatief neem;
- aan gesag kan onderwerp;
- en moet as 'n span kan saamwerk.

2.4.1 Karaktereieenskappe van 'n span

Dit is 'n groep mense:

- wat saamkom vir 'n gemeenskaplike doel;
- wat leierskap en verantwoordelikhede deel;
- wat dieselfde visie en doelwitte vir die bediening deel;
- wat almal effektief betrokke is met betrekking tot hulle individuele bedieninge, wat vermoëns en talente besit en mekaar respekteer;
- en elke persoon in die span weet wat van hom/haar verwag word.

DOELGERIGTHEID GEE BETEKENIS AAN JOU BEDIENING

Doelgerigheid maak dat jy weet hoekom jou bediening bestaan. Sterk bedieninge is gebou op doelgerigheid. Tensy die dryfveer agter 'n jeugbediening nie die Bybel is nie, sal die gesondheid en groei van hierdie bediening nooit wees wat God bedoel het dit moet wees nie. Sterk jeugbedieninge is gebou op die ewigheidsdoel van God.

Die doel van Xtreme Hoërskool- en studente bediening is:

Die GROOT gebod: *Matthéüs 22:37-40* *"En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete."*

Die GROOT opdrag: *Matthéüs 28:19-20* *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."*

Die doelwitte van ons gemeente en jeugbediening word in die twee bogenoemde verse gevind en word as volg uiteengesit:

- | | |
|------------------|---|
| 1. Aanbidding | Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart |
| 2. Bedieninge | Jy moet jou naaste liefhê soos jouself |
| 3. Evangelisasie | Gaan dan heen, maak dissipels |
| 4. Fellowship | Doop hulle |
| 5. Dissipelskap | Leer hulle om alles te onderhou |

As jeugbediening ondersteun ons die gemeente se visie en doelwitte en word dit in ons programme gereflekteer.

3.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N DOELGERIGTE VERKLARING

- Dit help jou om sin te maak uit jou programme;
- Om jou leierskap meer effektief te gebruik; en
- Om rigting aan tieners se geestelike lewe te gee.

3.2 GEVOLGE VAN SO 'N VERKLARING

- trek navolgers aan (mense is aangetrokke tot iets wat hulle tyd respekteer en betekenis aan hulle lewe gee);
- minimaliseer konflik (dit sal keer dat mense hulle eie agendas opstel en volg);
- skep opgewondenheid (om doelgerig te wees is om 'n bannier op jou kerk se voordeur te hang wat sê: ons is ernstig oor wat ons doen!); en
- maak jou bediening professioneel.

Dit is belangrik om mense elke 26 dae (1x per maand) te herinner aan die doelgerigte verklaring sodat hulle dit nie vergeet nie:

- plaas jou doelgerigte verklaring op skrif;
- leer oor elke een gedurende die jaar;
- daag studente uit om dit te memoriseer;
- leer dit ten minste twee keer per jaar in selgroepe;
- gee elke leier 'n afskrif van jou doelgerigte verklaring;
- ontwikkel programme wat aan jou doelgerigte verklaring voldoen;
- bestuur jou doelwitte sodat jy nie te besig raak nie, anders word jy gebrekkig, en onvoldoende in jou bediening; en
- modelleer die doelgerigte verklaring in jou lewe (onthou: mense hou leiers dop!).


IDENTIFISEER JOU POTENSIËLE GEHOOR VIR MEER DOELTREFFENDHEID

4.1 DAAR IS VYF Tipes mense in die Jeugbediening

- nie-Christen studente;
- nuwe Christene;
- 'n student wat baie weet oor die Bybel, maar passief is in sy/haar eie Christelike lewe;
- 'n groeiende student; en
- 'n geestelike leier.

4.2 TOEWYDINGSVLAKKE VAN DIE POTENSIËLE GEHOOR

- ♦ **Gemeenskap:** Woon nie dienste by nie, maar is tieners wat binne 'n redelike afstand van die kerk woon.
- ♦ **Skare:** Is studente wat naweekdienste bywoon.
- ♦ **Gemeente:** Studente wat betrokke is in selgroepe.
- ♦ **Toegewyde studente:** Is studente wie toegewyd is in gebed, skriflesing en ander geestelike gewoontes ontwikkel.
- ♦ **Kern:** Leiers wat in bedieninge betrokke is soos selleiers.



4.3 HOE WORD DIE POTENSIËLE GEHORE BEREIK?

WIE is ons potensiële gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Gemeenskap	Evangelisasie	Vriendskaps Evangelisasie
Skare	Aanbidding	Vrydag Xtremebash
Gemeente	Fellowship	Midweek Survivor Selgroepe Prayer explosions
Toegewyde Studente	Dissipelskap	Kweek gesonde H.A.B.I.T.S
Kern	Bedieninge	Selleiers Opleiding

REFLEKTEER JOU VISIE EN DOEL-GERIGTHEID IN DIE JEUGPROGRAMME

WIE is ons potensiële gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Gemeenskap	Evangelisasie	Vriendskaps Evangelisasie

Programme is 'n manier waarop ons poog om studente te bereik op verskillende vlakke deur die vyf doelwitte van die jeug. Evangelisasie is egter 'n proses en nie 'n program nie. Ons kan nie met die wêreld se vermaak kompeteer nie, maar ons kan wel lewensveranderende inhoud en verhoudinge bied waarmee die wêreld nie kan kompeteer nie.

- Evangelisasie is morsig. Studente dink nie daaraan om hulle taal te verander of op te hou rook wanneer hulle by die kerk kom nie.
- Evangelisasie is nie-onderhandelbaar. *Handelinge 1:8 "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."*
- Leiers moet van adolossente en tieners hou.
- Leiers moet evangelisasie in hulle eie lewens modelleer.

Jongmense moet verstaan dat nie-Christene eers deur Christene se gesindheid en lewensstyl aangetrek word voordat hulle na Christus aangetrek sal word. *Matthéüs 5:14 sê "Julle is die lig van die wêreld".* Lig studente in dat die intensie nie is om die grootste jeugbediening in die dorp te word nie, maar as ons in Jesus se opdrag uitvoer sal groei onvermydelik wees. **Wanneer ons nie groei nie, stuur ons die boodskap aan nie-Christen vriende uit dat hulle maar hel toe kan gaan. Ons sê aan hulle dat hulle is nie "worth the effort" nie.**

Daag studente dus uit met sterk evangelisasie temas. Maak 'n kaartjie soos die voorbeeld hieronder en vra elke student om vier nie-Christen vriende se name daarop te skryf. Spoor hulle aan om elke dag vir hierdie vriende te bid en God te vra vir 'n geleentheid en die nodige moed om hulle geloof met hierdie vriende te deel. Ons noem dit die *H.I.T.-list (Hearts In Transition)*. Moedig studente aan om stap 2 te voltooi voor die einde van die eerste semester (met ten minste drie van die vyf nie-Christen vriende).

VRIENDSKAPSEVANGELISASIE

1. Vertel jou vriend/in jy is 'n Christen
2. Nooi jou vriend/in uit na 'n toepaslike program
3. Vertel jou vriend/in hoekom jy 'n Christen is
4. Vertel jou vriend/in hoe om 'n Christen te word
5. Vra jou vriend/in of hy/sy 'n Christen wil word

HEARTS IN TRANSITION
H.I.T. LIST : VRIENDE VIR WIE EK BID

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____

When a believing person prays, great things happens. James 5:16

WIE is ons potensiële gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Skare	Aanbidding	Vrydag Xtremebash

Ons program vir die skare studente is die Xtremebash op 'n Vrydagaand 19:30-21:30. Om te verhoed dat ons momentum verloor word hierdie program nie gedurende skoolvakansies gesluit nie, behalwe die Desember vakansie.

Gedurende hierdie program fokus ons op aanbidding wat insluit om ons liefde aan God te verklaar deur gebed, sang, offerande, getuienisse, danksegging en die verkondiging van en luister na God se Woord.

5.1 BELANGRIKE ASPEKTE VIR VRYDAG SE BASH

- 'n positiewe en opgewonde atmosfeer, die regte gesindheid, ligte, musiek, foto's (speel musiekvideos);
- 'n verstaanbare boodskap en koppel altyd 'n uitdaging aan die boodskap, bv.: Vir jou wat nog besig is om God uit te *check*, ek wil jou bemoedig..Vir die res van julle wie Christene is, daag ek uit ..;
- speel kontemporêre Christelike musiek;
- volwassenes en tieners moet nuwelinge groet en verwelkom;

5.2 'N PAAR RIGLYNE

♦ Ontwikkel 'n 10 minute reël

Wees rustig 10 minute voor die jeugbash begin, speel musiek en maak 'n punt om alle aankomelinge vriendelik te groet. Studente en veral nuwelinge moet ten minste vier keer gegroet word voor die bash begin.

♦ Leer die jongmense om voor die dienste vir die dienste te bid

Ons Prayer Explosion Vrydagmiddae is 18:30 – 19:00 waar jongmense bymekaar kom vir 'n tyd van gesamentlike gebed. Daar word saam gebed vir die dorp, skole, die jeug, die gemeente en ander versoeke. Gebed maak die verskil!

♦ Promoteer *save touch*

Dit sluit in *high fives*, handdrukke en drukkie. Vir baie jongmense is dit die eerste of enigste *save touch* wat hulle vir die week ontvang.

♦ Element van pret

Jongmense sal makliker met jou boodskap verbind as daar 'n element van pret is.

♦ Studente betrokkenheid

Deur getuienisse, paneelbesprekings, rolspel, interaktiewe speletjies (*fear factor*), spontane melodramas, *band rehearsals*. Dit kan ingewerk word by die element van pret (funny factors).

♦ Onthou dat nuwe studente wat enige program bywoon gewoonlik die volgende drie vrae het:

Kan ek jou vertrou?

Ethos – wat is jou karakter

Gee jy vir my om?

Pathos – empatie en begrip

Weet jy waarvan jy praat?

Logos – die Woord, Christus, logika van onderwerp

5.3 DIE VERLOOP VAN DIE BASH

- ♦ **Opening en verwelkoming:** Wees opgewonde oor die aand, groet en verwelkom die jongmense met entoesiasme. Vra elke week 'n ander jongmens om te open met gebed. Vra watter jongmense die meeste vriende saamgebring het, wat nog nie vantevore die jeug besoek het nie. Daardie persoon kry 'n *give-away*. Gee jongmense 5 minute om mekaar te groet en hulle laaste draaie te loop voor die bash begin.
- ♦ **Funny Factor:** Doen elke week 'n 15-30 minute ysbreker, net na die verwelkoming en voor die *praise* en *worship*. Dit dra by tot 'n ontspanne atmosfeer, om tuis te voel, mekaar te leer ken, spangees te bou en pret te hê.
- ♦ **Afkondigings en Offerande:** Dit word afgehandel na die *funny factor*.
- ♦ **Getuigenisse:** Voor ons begin met die *praise* en *worship* gee ons geleentheid vir jongmense om te getuig wat die Here deur die week vir hulle gedoen het. Dit gee hulle vrymoedigheid om ook by die skole en huise vir hulle vriende en familie te getuig.
- ♦ **Praise en worship:** Hierdie is een van die belangrikste elemente op 'n Vrydagaand. Dit moet doelgerig en dinamies wees. Ons probeer op hoogte bly van die nuutste *praise* en *worship* musiek en gebruik musiek van United Hillsong en Planetshakers.
- ♦ **Bediening van die Woord:** Hou dit kort, dinamies, toepaslik en verstaanbaar. Tydens die bediening van die Woord word verskillende onderwerpe soos byvoorbeeld aborsie, voorhuwelikse seks, dwelms, honger na God ens. eerstens aangespreek en daarna word God se Woord relevant gemaak, as 'n oplossing op die spesifieke behoefte. Hierdie voorbereiding neem baie tyd en die aanbieding moet absoluut relevant en dinamies wees om die jeug se aandag en belangstelling te hou. Jesus het vis, brood, klei, ark ... allerhande kreatiewe maniere gebruik om die boodskap oor te dra. Ons poog by ons jeug om ook kreatiewe maniere te gebruik. Moenie jou sin vir humor vergeet nie! Gee jou boodskap kreatiewe titels en: Ontwikkel 'n inleiding wat hulle aandag hou; Vereenvoudig jou boodskap; gebruik verstaanbare skrifgedeeltes; gee aantekeninge sodat studente jou kan volg; Gee hulle spesifieke aksiestappe.
- ♦ **Altar call:** Uitnodigings wissel soos die Gees van die Here jou lei. Dit kan wissel van om Jesus as Verlosser te aanvaar, verhouding met Jesus te herstel, tot uitreiking tot God deur *praise* en *worship* of om vir behoeftes van jongmense te bid.

5.4 VYF BEGINSELS

- **Moenie jouself te ernstig opneem nie.** Lag vir jou foute.
- **Gee elke week goeie *give-aways*.** Dit skep verwagting.
- **Deel die *spotlight* met die studente.** Gee komplimente en skep geleenthede vir studente om deel te hê in die bediening.
- **Skep onvergeetlike oomblikke.** Bring studente op die verhoog en sluit hulle op onverwagte maniere by die program in.
- **Maak sterre van gewone mense.** Rus jou studente toe om *extra-ordinary* dinge te doen.

WIE is ons potensiele gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Gemeente	Fellowship	Midweek Survivor Selgroepe

Ons is hier om jongmense te help groei in hulle verhouding met God en hulle verhouding met mekaar. Dit word op 'n verhoudingsbasis gedoen deur die selkerk. Die doelwitte van die selkerk is as volg:

1 Johannes 1:7 deel

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

Handelinge 2:42 breek van brood met ander

"terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."

1 Korinthiërs 1:9 ontwikkel intimiteit met Christus

"God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here."

Galasiërs 2:9 ontwikkel intimiteit met ander gelowiges

"en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfas en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan"

- Alle survivor selgroepe word huidiglik by die kerk gehou.
- Die selleier kontak nuwe studente wat ons ander programme ondersteun en nooi hulle uit om by hulle selgroep in te skakel.
- Selgroeplede nooi hulle vriende en ander studente om hulle selbyeenkoms by te woon.
- Selgroeplede laat nuwe mense nie soos buitestaanders voel nie.
- Selgroeplede bid daagliks vir mekaar.
- Selgroeplede skakel/sms mekaar indien 'n student afwesig was.
- Studente behou kontak met ander selgroeplede wat saam met hulle by dieselfde instansie studeer.
- Elke keer wanneer 'n selgroep te groot word (meer as 12 lede) verdeel dit in twee kleiner groepies op sodat verhoudinge effektief gebou kan word.
- Die selleier preek nie, maar fasiliteer slegs hierdie geleentheid. Moedig die lede aan om bydraes te lewer en vrae te vra.
- Intensiewe opleiding word aan alle kandidate gegee voor hulle aangestel kan word as selleiers. Hulle moet deel van die kern studente uitmaak om te kwalifiseer om 'n selgroepleier te word.

‘n Goeie kwaliteitselgroep sal tieners met ander tieners in verbinding bring en help om ‘n gevoel van gemeenskaplikheid binne die jeugbediening te bou. Ons fokus op studente, intimiteit, lewenswyse en verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Vertroue en vriendskap word in die selgroepe ontwikkel.

5.5 DIE "BIG IDEA" AGTER SELGROEPE

- ♦ Selkerke help dat jongmense se stem gehoor word en gee hulle die geleentheid om betekenisvolle verhoudinge te bou met andere. Groter as gevolg van vriendskaps evangelisasie en kleiner deur selgroepe.
- ♦ Selgroepe help studente om hulle geloof te verpersoonlik. Dit help jongmense om die waarheid in hulle lewens te implimenteer.
- ♦ Dit moedig aanspreeklike verhoudinge aan. Die Christelike lewe is te moeilik om in isolasie te leef. *Jakobus 5:16 "Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*
- ♦ 'n Gevoel van "hoort" en gemeenskap word in die selgroepe ontwikkel wanneer die lede geestelik groei en die skriftelike konteks van liefde vir mekaar begryp. Ons word vertel om:
 - mekaar te dien (Gal 5:13)
 - mekaar te aanvaar (Rom 15:7)
 - mekaar te vergewe (Kol 3:13)
 - mekaar te groet (Rom 16:16)
 - mekaar se laste te dra (Gal 6:2)
 - om aan mekaar toegewyd te wees (Rom 12:10)
 - mekaar te respekteer (Rom 12:10)
 - mekaar te leer en onderrig en te vermaan (Rom 15:14)
 - onself aan mekaar te onderwerp (Efs 5:21)
 - mekaar te bemoedig en op te bou (1 Thess 5:11)

Selopleiding moet bygewoon word om begrip te kry van waarom dit gaan, en hoe dit funksioneer, aangesien dit te veel inligting is om in hierdie boekie saam te vat.

Selgroep waardes sluit in:

Egtheid	Alle leiers moet <i>genuine</i> en deursigtig in hulle verhouding met Christus wees en nie <i>show-offs</i> wees nie.
Vertroulikheid	Die selgroep moet 'n veilige plek wees. Wat in die groep bespreek word moet in die groep bly.
Kweek vertroue	Geen vrae is dom of simpel nie. Tieners moet vrymoedigheid hê en veilig voel om hulle gevoelens te deel en vrae te vra.

Ons was so begaan oor julle

**Dat ons nie net die
Goeie Nuus vir julle
wou bring nie**

**Maar ons sou ook ons lewe vir
julle gee**

Omdat ons julle so liefgehad het

Die jeugbediening is 'n ekspressie van God se liefde vir studente. Ons demonstreer dit op 'n persoonlike manier deur die selgroepe. Dit is lonend om 'n student te sien geestelik groei. Dit verskaf vreugde wanneer 'n mens groei in iemand se lewe waarneem.

Om te deel is wat ons doen in die selgroep. Ons deel ons lewens – die goeie en die slegte. Ons deel met die studente niks minder as die evangelie van Christus nie. Dit is die waarheid wat ons vir hulle bied.

Ons is egter meer as net leraars. Ons bied nie net die waarheid en die feite nie. Ons deel ook ons lewens en belê in verhoudinge sonder om iets terug te verwag.

Een van die doelwitte van selgroepe is dat daar 'n band van liefde gebou sal word. Hierdie pad word gebou deur geduld en moeite. Daar is *geen "lone rangers"* in die jeugbediening nie. Ons is almal deel van 'n span: ons steun op mekaar en is betroubaar en daar vir mekaar.

Die waardes moet duidelik, saaklik en konsekwent aan almal betrokke, gekommunikeer word.

	RELATIONSHIPS in selgroepe	
R elational approach	Stel vir jouself 'n doelwit om ten minste een keer per maand 'n ernstige gesprek met elke student in jou groep te hê.	1 Thess 2:8
E ncouragement	Prys goeie antwoorde, vrae en deelname.	1 Thess 5:11
L aughter & celebration	Jou selgroep moet nie 'n begrafnisatmosfeer hê nie.	Joh 10:10
A cceptance	Onthou dat nie elke persoon dieselfde geestelik sal groei nie.	Jak 2:1
T ransparency	Moenie bang wees om te erken as jy nie seker van iets is nie.	1 Kor 2:3-4
I nvolvement of students	Die studente in jou groep moet 90% van die praatwerk doen, wat beteken jy moet 90% van die tyd luister.	1 Kor 12:14
O utreach orientation	Onthou om vir nie-Christene te bid en praat gereeld oor vriendskaps evangelisasie.	Matt 28:19
N umerical growth	Goeie selgroepe groei deur <i>word of mouth</i> , maar hulle bly klein deur in meer groepe in te deel. Bid dat die leierskapbasis sal groei.	Hand 9:31
S piritual growth	Jou belegging in verhoudinge met jongmense sal die pad van die student se geestelike groei oopmaak en oophou.	Hebr 6:1
H ome-like	Wanneer 'n student afwesig was en terugkom sê eerder: "welkom terug" in plaas van "waar was jy gewees".	Efes 2:21
I ntimite	Laat die selgroepe elke week bymekaar kom (behalwe skoolvakansies). Wees konsekwent. Selgroepe mag nie gekanseleer word nie. Reël vir 'n ander leier om waar te neem as jy dit nie kan maak nie.	Jak 5:16
P rofessional	Ken die ouers se verwysingsraamwerk en weet wat in die gasheer se huis aangaan waar die selgroep byeenkom.	Spr 22:1
S trategic follow-up	Skryf 'n brief of skakel 'n student wat afwesig is van die selgroep.	Spr 27:23

WIE is ons potensiele gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Toegewyde Studente	Dissipelskap	Kweek gesonde H.A.B.I.T.S

Die definisie van dissipelskap is: **“help studente om meer soos Christus te word”**. Jesus het sy dissipels ingelig dat Hy hulle eendag sal verlaat. Ons maak baie keer die fout om nie vir die studente te sê dat ons nie vir altyd in hulle lewe sal wees nie. Die studente bly dus afhanklik van die jeugwerker vir geestelike groei en word nooit geleer om selfstandig te word in hulle geestelike lewe nie. Ons bediening moet as volg gebalanseerd wees: 33.3% opvoedkundig; 33.3% onafhanklike geestelike gewoontes (dissipelskap); 33.3% verhoudinge.

- ◆ Ons moet ons studente aanmoedig om gesonde H.A.B.I.T.S. te kweek wat hulle sal voorberei om ‘n langtermyn reis in die Christelike geloof te handhaaf. Plaas jou entoesiasme agter gesonde H.A.B.I.T.S. in plaas van ‘n program.
- ◆ Moedig hulle aan om hierdie H.A.B.I.T.S. te kweek.
- ◆ Definieer die H.A.B.I.T.S van ‘n toegewyde Christen, bv: Hoe jy geestelik en emosioneel sal groei en volwasse word het baie te doen met jou verhouding met Christus. Wanneer jy as Christen gesonde H.A.B.I.T.S kweek sal jy *amazed* wees oor hoe *great* God werklik is en Hy sal jou lewe verander sodat Sy goddelike doel in jou lewe bereik kan word. Jy sal meer vervuld in jou lewe wees, die leë waardelose gevoel sal verdwyn en jy sal jou lewe ten volle kan geniet.

5.6 DIE H.A.B.I.T.S VAN ‘N TOEGEWYDE CHRISTEN

H	ANG-TYD met God	(Stiltetyd joernaal)
A	ANSPREEKLIKHEID teenoor ander gelowiges	(Survivor)
B	ID -tyd	(Prayer Explosion)
I	NWIKKELING deur betrokkenheid	(Selopleiding)
T	IENDE verbintenis	(Die Bank van Seëninge)
S	TUDEER die Skrif	(Boodskap aantekeninge)

HANG-TYD met God

(Stiltetyd Joernaal)

Moedig die jongmense aan om ‘n boekie te koop waarin hulle alle aantekeninge maak van wat die Here met hulle deel tydens hulle Bybelstudietyd, gebedstyd of selfs tydens dienste. Sodra hierdie boekie vol is kan hul die volgende een koop en al hierdie boekies bêre. Dit sal hulle laat voel dat hulle iets bereik in hulle geestelike lewe wanneer hulle terugkyk in hulle boekies, en sien hoe hulle geestelike gegroei het.

AANSPREEKLIKHEID teenoor ander gelowiges (Survivor)

Motiveer die jongmense om Dinsdagaande by die survivorgroepe in te skakel (19:00-20:30). God het ons nie gemaak om in isolasie te lewe nie, maar om verhoudinge te bou met ander

gelowiges. Dit is nooit bedoel dat ons alleen deur die lewe moet gaan nie. Tydens hierdie geleentheid word waardevolle vriendskappe gebou, ondersteuning gebied en verhoudinge met God word versterk.

BID-tyd

(Prayer Explosion)

Jongmense moet gemotiveer word om alle gebedselle so ver moontlik by te woon. Hierdie gebedselle moet ook deur die jongmense self gelei word (verkieslik jongmense wat die selopleiding bygewoon het). Xtreme hou huidige die volgende gebedselle: Donderdagoggende 06:00 – 07:00 by die kerk. Vrydagmiddae 18:30-19:00 by die kerk. Verskillende pouses by die verskillende skole.

INWIKKELING deur betrokkenheid

(Selopleiding)

Leer jou jongmense die volgende: *CONGRATULATIONS YOU ARE GIFTED!* (1 Kor 12 en Efs 4) Jy is geskep om God te dien. Hy het vir jou sekere talente en gawes gegee om Hom daarmee te dien. Niemand anders kan die bydrae lewer wat jy lewer nie. God verdien jou beste. Jy dien God deur ander te dien. Kontak die leierskap en bied jou talente aan. As jy nie weet wat jy kan doen nie, gesels met die leierskap en vra vir hulle advies. Onthou elke Christen is:

- gemaak vir bediening (Efs 2:10)
- gered vir bediening (2 Tim 1:9)
- geroep tot bediening (1 Petr 2:9-10)
- gawe vir bediening (1 Petr 4:10)
- bemagtig vir bediening (Matt 28:18-20)
- opdrag gegee tot bediening (Matt 20:26-28)
- moet voorberei word vir bediening (Efs 4:11-12)
- nodig vir bediening (1 Kor 12:27)
- sal beloën word volgens die bediening uitgeleef (Kol 3:23-24)

Observation is a wasted life, maar 'n lewe van deelname in die koninkryk van God is die rede hoekom ons gebore is. *2 Petrus 1:12 "Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is. Jy is gemaak vir bediening, al is jy jonk (Efs 4:11-12) 1 Timótheüs 4:12 "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."*

Almal is welkom om in te skakel by die verskeie bedieninge. Slegs jongmense wat in selgroepe betrokke is en deelname toon aan die H.A.B.I.T.S. kan egter in leierskapposisies staan.

TIENDE verbintenis

(Die Bank van Seëninge)

Leer jongmense reeds van vroeg af wat die Bybel sê omtrent rentmeesterskap. Dit sal die jongmense na die volgende vlak in hul geestelike lewe neem.

STUDEER die Skrif

(Boodskap aantekeninge)

Aantekeninge van boodskappe word Sondae uitgegee. Moedig jongmense aan om dit in hul stiltetyd en/of gedurende familiegodsdien (huisaltaar) te gebruik. Dit sal ook tydens die Survivorgroepe op Dinsdae bespreek word, sodat jongmense kan leer om God se Woord in hul lewe toe te pas. *Kolosense 2:6-7 "Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging."*

WIE is ons potensiele gehoor?	WAT is ons primêre doel?	HOE gaan ons poog om hierdie doel te bereik?
Kern	Bedieninge	Selleiers Opleiding

Dit is ons taak, nie om jongmense vet te voer en voor te skryf nie. Dit is ons taak om jongmense te ontwikkel, hulle te help om hul leierseienskappe uit te bou, sodat hulle 'n verskil kan maak in elke lewensfeer waar hulle hulself mag bevind. Ons jeug is nie gebaseer op programme nie, maar op verhoudinge. Die onderskeie programme help om verhoudinge te fasiliteer. Wanneer jongmense hulle portuurgroep lei, het hulle 'n verantwoordbaarheid teenoor andere en besef hulle dat hulle heiligmaking moet lewe. Hulle besef dat hulle geestelik in God moet groei, sodat hulle daartoe in staat sal wees om jongmense te lei. 'n Jeugwerker wat alles alleen wil doen gaan uitbrand. God het ons daar gesplaas om die heiliges toe te rus en nie om 'n *een-man-kult* te stig nie. (Lees Efesiërs 4).

Komponent 6

KOMMUNIKEER DIE GEESTELIKE GROEIPLAN

Gebruik 'n visuele proses om die geestelike groei program te kommunikeer. Maak die doelwit van jou jeugbediening duidelik aan die potensiële gehoor met betrekking tot hoekom die bediening bestaan, wie julle bedien, hoe julle dit gaan doen en waar jy wil hê die studente in hulle geestelike lewe moet wees.

‘N FAMILIE-VRIENDELIKE JEUGBEDIENING

Elke student is ‘n produk van ‘n unieke familie-sisteem. ‘n Sisteem wat verantwoordelik is om hulle geloof, waardes en aksies te vorm.

- ♦ **Erken dat jou rol as jeugwerker beperk is.** God verwag van die ouers om die primêre verantwoordelikheid vir hulle kinders se geestelike groei te aanvaar. *Deut 6:5-7 “Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”*
- ♦ **Ontwikkel verhoudinge met ouers.** Ontmoet die kinders se ouers, leer en onthou hulle name. Die grootste vrese wat ouers het ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders is dat hulle ontoereikend is. Hulle is bang dat hulle kinders nie meer die geloof en waardes sal vashou waarmee hulle grootgemaak is nie. Wanneer ons tyd neem om met ouers te praat oor hulle vrese, sal dit ons inspireer om saam met hulle te werk.
- ♦ **Wees sensitief vir familieprioriteite.** Leer jou studente om altyd eerste met die ouers te bevestig wanneer hulle besluit om ‘n program te ondersteun. Stuur ook addisionele informasie briewe aan ouers om hulle op hoogte te hou van wat gebeur by die jeugbediening.
- ♦ **Gebruik elke geleentheid om by die ouers oor hulle kinders te spog.** Skryf briewe aan hulle, laat boodskappe by hulle werk, of ontmoet hulle by die kerk en seën hulle met ‘n storie of voorbeeld van hoe jy hulle kind/ers waardeer.
- ♦ **Kommunikeer professionalisme.** Professionalisme sluit in om jouself goed te handhaaf. Ouers kyk hoe jy aantrek, hoe jy praat en hoe jy op ‘n volwasse vlak reageer en kommunikeer.
- ♦ **Voorsien ouers van toerustingsmateriaal wat inligting aan hulle sal voorsien met betrekking tot die belange van die familie.** Dit sal aan hulle kommunikeer dat jy belangstel in die geestelike gesondheid van die hele gesin. Jy mag miskien nie al die antwoorde hê nie, maar jy kan hulle nogsteeds bedien deur hulle in die regte rigting te stuur. Kry ouers wat alreeds deur situasies soos tiener swangerskap, selfmoord, rebellie, okkult verwante aktiwiteite is en vra of hulle bereid is om met ander ouers daaroor te praat. Wanneer ouers jou kontak en jy nie die situasie kan hanteer kan, kan so ‘n verwysing hierdie ouers help om deur ‘n krisistyd in hulle lewe te kom.
- ♦ **Voed ouers op met betrekking tot die tiener kultuur.** Jy kan ook kommunikeer wat jy glo tieners vandag van hulle families nodig het.
- ♦ **Voeg ouers by jou leierskap.** Ouers in die jeugbediening bou ‘n familie-vriendelike jeugbediening.
- ♦ **Gebruik jou normale skare program om jeug se ouers uit te nooi.** Dit kan so drie keer per jaar gedoen word. Gedurende hierdie tyd kry jy die geleentheid om jou jeugbediening en wat julle doen aan die ouers bloot te stel. Gedurende hierdie tyd fokus die boodskap op ouer- en kind verhouding en op kommunikasie- en konflikthantering.

KWALITEIT LEIERS VIR 'N GESONDE EN EFFEKTIEWE BEDIENING

Leiers kan 'n bediening maak of breek. **'n Jeugbediening sonder kwaliteit leierskap sal nooit gesond wees nie.** Spreuke 11:14 leer ons dat: *"As daar nie goeie oorleg is nie, val 'n volk; maar in die veelheid van raadgewers is redding."* Hoe meer kwaliteit leiers jy het, hoe meer sal jou studente geestelik groei. **Effektiewe beplanning, doelgerigtheid, balans en die regte leierskap is sleutelfaktore in enige jeugbediening. 'n Jeugwerker se werk hou nooit op nie!**

Daar is altyd 'n ander student wat besoek moet word, 'n event wat beplan moet word, nog 'n les wat voorberei moet word. Hoe word die druk hanteer? Besef dat een persoon nie alles alleen kan doen nie. Ons sien 'n hoë *turnover rate* onder jeugwerkers omdat hulle probeer om alles self te doen en dan uit idees hardloop en uitbrand. Ek dink die jeugwerkers moet na die raad van Moses se skoonpa luister.

Ons lees in Exodus 18:17-23 *"Jy werk nie op die regte manier nie, sê sy skoonpa. Die las is te swaar en jy sal dit nie alleen kan dra nie. Jy sal nie so kan aanhou nie en die volk ook nie. Luister nou na my, en as jy my raad aanneem, sal God jou seën. Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en hulle sake na Hom toe bring. Dan moet jy hulle ook leer wat God beveel het en wat Hy wil hê. Jy moet hulle wys wat hulle moet doen en hoe hulle hulle moet gedra. Dan moet jy ook manne uit die volk uitsoek en elkeen van hulle verantwoordelik maak vir duisend mense, maar daar moet ook ander wees wat verantwoordelik gemaak word vir elke honderd mense en elke vyftig mense en elke tien. Hierdie leiers moet manne wees wat aan God gehoorsaam is. Hulle moet betroubaar wees en niks te doen hê met omkoperie nie. Laat hulle gereeld die mense se sake aanhoor. Minder belangrike sake moet hulle self afhandel, maar as dit baie moeilike sake is, sal die ander leiers jou help om die verantwoordelikheid te dra, en dit sal vir jou makliker wees. As jy so maak en God laat jou toe om dit te doen, sal die verantwoordelikheid nie vir jou te swaar word nie. Al die mense se sake sal dan ook opgelos kan word en hulle sal tevrede wees."*

Wanneer ek na die volgende skrifgedeelte kyk, gee dit my weer moed dat God wel leiers vir ons bediening het, ons moet egter bid vir hulle: Mattheüs 9:36-38 *"En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."*

Jou gesindheid ten opsigte van potensiële leiers sal jou styl waarop jy hulle vind en oplei beïnvloed. Gooi weg die lys met die stereotipe kwaliteite waarvoor gesoek word naamlik jonk, snaaks, atleties, goeie Bybelkennis, ekstrovert, charisma, besit 'n kombi. **In ons kerk kyk ons na twee kwaliteite in jeugwerkers: hulle moet lief wees vir God en 'n hart vir jongmense hê.**

Die manier hoe jy oor die jeugbediening praat is reeds vir hulle die begin van 'n leerskool ten opsigte van die waardes, gesindhede en doelwitte van hierdie bediening. Kwaliteit *hands-on*

leiers is van kritiese belang in die jeugbediening, want die verkeerde *hands-on* leiers kan baie probleme veroorsaak. Wanneer mense in jeugbediening betrokke wil raak, moet hulle alreeds vir 'n geruime tyd die dienste gereeld bywoon, tiende betaal, en heiligmaking leef.

♦ **Wees bedagsaam op die volgende rooi vlae van aansoekers:**

- 'n nuwe Christen of nuwe persoon in gemeente;
 - geskiedenis van baie kort-termyn *commitments*;
 - kritiese gees;
 - gaan deur 'n groot krisis in sy/haar lewe (dood, egskeiding);
 - hoë verwagtinge om beste vriende met die personeel te wees of net om persoonlike ondervinding op te doen;
 - verskuilde agendas;
 - nie 'n toegewyde lewensstyl nie; of 'n
 - eggenoot wat nie ondersteun nie.
- ♦ Enige persoon wat by die jeug betrokke wil raak moet eers die selopleiding bywoon.
- ♦ Wanneer leiers deel word van jou span, moet hulle aanhou groei. Kwaliteitleiers moet ontwikkel word. Jou werk as leier van leiers hou nooit op nie. Jy moet hulle mentor en motiveer.

VOLHARDING EN DEURSETTINGSVERMOEË

9.1 BEPLANNING AAN VISIE

Die jeugbediening is harde werk. Baie jeuggroepe beplan hul “programme” van week tot week. Maar wanneer jy waarlik suksesvol in die opdrag wil wees wat Christus vir ons gegee het, naamlik om die heiliges toe te rus vir dienswerk en om dissipels van alle nasies te maak, gaan dit meer van jou vereis as net die weeklikse dag tot dag takies. Jongmense het leiers nodig wat stabiel en gebalanseerd is, leiers wie hulle kan vertrou en wat daar vir hulle sal wees in die langtermyn. Daarom is dit belangrik dat jy jou visie daar sal stel, leierskap bemagtig en ‘n balans sal handhaaf om te voorkom dat jy in jou eie lewende uitbrand. Baie jeugwerkers lyk besig, maar hulle is nie produktief nie. Leer om ‘n balans te handhaaf tussen hulle bediening, persoonlike lewende en familietyd. En veral omdat jeugbediening ongewone ure is, moet ons nie toelaat dat die *trials en struggles* van ‘n emosionele beroep ons uitbrand nie.

9.2 GEBED: DIE BASIS VAN DIE BEDIENING

Gebed is ‘n basis waarop alle bedieninge gebou moet word. Om merkwaardige verskille te maak vereis baie van God se wysheid. Dit is gebed wat ons in kontak met God bring en afhanklik van Hom hou. Wanneer die krag van God die onmisbare bron vir die bou van ‘n doelgerigte jeugbediening is, dan is dit net logies dat ons in kontak sal wil bly met hierdie bron. Die doel van gebed is nie om God in te lig van die stand van sake nie. Hy weet reeds wat besig is om te gebeur. Die doel van gebed is dat ons afhanklik in ons verhouding met die Een wat lewende gee, sal bly. Deur gebed dank ons God vir wat Hy besig is om te doen en bring ons ons versoekes, hoop en begeertes na Hom. Gebed is die *BACKBONE* van ‘n goddelike persoon. Mense wat hulleself in God verheug en wat Hom eer en Hom wil dien is mense wat lief is om tyd met God te spandeer. Dit is ‘n groot versoeking om in te spring en op ons eie talle en vaardighede staat te maak voor ons God se hart soek in ons bediening. Wanneer ons gebed ‘n prioriteit maak soos Jesus gedoen het, sal ons sy seën op ons bediening ervaar.

9.3 ALGEMENE RIGLYNE

- ♦ **Onthou die “act your age” beginsel:** Onthou dat jou studente volgens hulle ouderdom sal optree. Moenie volwasse verwagtinge op ‘n veertienjarige plaas nie. Dit is onregverdig teenoor die student. Die studente gaan volgens hulle geestelike ouderdom optree en nie volgens joune nie. Die een oomblik sal hulle vasgevang wees in die aanbidding en die volgende oomblik sal hulle met ‘n vriend argumenteer oor een of ander onbenulligheid.
- ♦ **Moenie voel dat almal van jou moet hou nie:** Leiers moet soms ongewilde besluite neem. Probeer om mense nie doelbewus te ontstel nie, maar jy sal dalk soms die bron van teleurstelling of woede wees. Leiers moet hierdie realiteit besef anders sal hulle emosioneel gedreineer word.
- ♦ **Oefen om nee te sê:** Jy kan net eenvoudig nie alles doen nie! Om te keer dat jy uitbrand moet jy duidelike grenslyne stel, al sal dit soms ander mense ontstel.
- ♦ **Leer om te konfronteer:** Daar is niks meer wat ‘n mens so emosioneel dreineer as ‘n onopgeloste konflik nie. Deel van leierskap is om met mense te werk en soms is dit nodig om mense te konfronteer. Doen dit egter met die regte gesindheid: “Ek gee om vir jou en wil graag eerlik wees met jou en my gevoel met jou deel...”

- ♦ **Bou verantwoordelike vriendskappe buite die bediening:** Dit is nodig om 'n breek te maak van die bediening. Bou vriendskappe met mense wat omgee vir jou, maar wat nie vertrouwd is met jou bediening nie. Vriende wat jou sal liefhê, maak nie saak wat in die jeugbediening gebeur nie. Hierdie vriendskappe sal gesond wees tot jou langtermyn emosionele stabiliteit.
- ♦ **Vind 'n mentor:** As leier gee jy altyd aan ander mense. Daar is 'n konstante uitvloeï wat jou dreineer en wat weer opgevul moet word. 'n Mentor wat omgee sal jou versorg en weer terug deposit in jou emosionele bankrekening. Praat met jou mentor oor alles: huwelik, lewe in die algemeen, geestelike dissipline, vreugdes en frustrasies.
- ♦ **Boek 'n dag af:** Bitter min jeugwerkers neem 'n dag af om te rus. Skeduleer 'n dag af vir: Persoonlike herstel – lees 'n boek, neem 'n middagslapie, doen iets waarna jy uitsien. Fisiese herstel – doen enige oefening wat jy van hou om jou fisiese stamina op te bou. Familie herstel – maak 'n *date* met jou eggenoot, neem jou kinders uit vir ete. Geestelike herstel – beplan 'n verlengde stiltetyd elke vierde dag af, gaan weg vir drie tot vier ure en skryf in 'n joernaal, lees, bid. Gebruik hierdie tyd om te *recharge*.
- ♦ **Organiseer jou vakansie vroegtydig:** Reël jou vakansie 'n aantal maande vooruit en hou by die datum. Dit is nie onderhandelbaar nie.
- ♦ **Laat jou familie ook 'n sê hê in jou jeugbedieningskalender:** As jy getroud is laat jou eggenoot toe om ook 'n bydrae te lewer met betrekking tot die jeugkalender, sodat jy 'n gesonde balans tussen jou bediening en huislewe handhaaf. Maak tyd vir familie en vriende.
- ♦ **Vra vir 'n pligstaar en hersien dit saam met jou presiderende leraar:** Vra vir 'n werksomskrywing en gereelde terugvoer sodat jy weet dat jy nog op koers is met jou bediening.
- ♦ **Beheer jou tyd, anders sal ander jou tyd vir jou bestuur:** Daar is altyd iemand wat onmiddelik met jou wil praat of jou aandag onmiddelik vereis. Wanneer iemand jou wil sien byvoorbeeld terwyl jy besig is om jou boodskap voor te berei, vra of julle nie gou telefonies dit kan bespreek nie. Gewoonlik kan hierdie iets dringend binne vyf minute opgelos word in plaas daarvan dat die persoon na jou kantoor kom en ure kuier. (Baie mense sal seker dink ek is onsenstief. Die waarheid is dat ek is baie sensitief en vreeslik besig.) Leer om realisties te wees met wie en hoe jy jou tyd spandeer. Leiers moet besuit wat vir hulle belangrik is. Nie alles is ewe belangrik nie, veral nie in die bou van God se koninkryk nie.
- ♦ **Hou rekord van jou tyd:** Die aard van jeugbediening is baie *flexible* ure. Hou rekord van jou tyd indien navraag daarom gedoen word. Lig jou toesighouer in van jou skedule sodat jy nie in emosionele vrees hoef te leef oor die ure wat jy werk nie. Moenie probeer om die sekretaresse of ander mense tevrede te stel deur kantoorure te hou nie. Jy werk vir God en Hy het jou geroep om effektief te wees.
- ♦ **Balanseer jou tyd:** Take in die jeugbediening hou nooit op nie. Daar is nooit genoeg tyd om te doen wat jy moet en wil doen nie. As jy voel jou skedule is buite beheer is jy 'n tipiese jeugwerker. Maar as jy nie leer om jou tyd te bestuur nie sal jy aanhou om in frustrasie te leef.
- ♦ **Bepaal jou rolle en maak dan 'n lys van jou weeklikse take volgens jou rolle:** Ek het huidige die volgende rolle: Kind van God; (eendag) getroude vrou; (eendag) ma; vriendin en familielid; werknemer; as leraar: berei naweekboodskappe voor; as pastoor: spandeer tyd met studente, familie en mense by die programme; as administrateur: beplan programme, begroting, skakel mense terug, skryf briewe, woon vergaderings by; as ontwikkelaar: ontwikkel dissipelskap *tools*; as leier: woon personeelvergaderings by,

spandeer tyd met leiers, werk daaraan om die doelwitte te kommunikeer, studeer en groei as 'n leier.

- ♦ **Neem tyd om tyd te spaar:** Beplanning sal jou produktiwiteit verhoog. Blok realistise tyd uit om beplanning te doen en om jou take te voltooi.

TEN SLOTTE

Moenie net vir die jongmense 'n leë "*jol*", sonder enige "*substance*" voorberei nie. Maar bied hulle die geleentheid aan om werklik met God te ontmoet. Om dieper te groei in hulle verhouding met God, sodat hulle werklik sal leer hoe om uit te styg bo die dinge van die wêreld. Sodat dit vir hulle lekker en die moeite werd sal wees om die Here te dien.

Bou 'n brug tussen die jong en ou mense.

Gee die jongmense die geleentheid om tydens hul Survivor Selgroepe; Jeugbash-aande en Prayer Explosions hulleself uit te leef, en die teenwoordigheid van die Here te geniet, soos dit jongmense betaam om dit te doen. En wanneer die jongmense sien dat die gemeente vir hulle die ruimte gee, en dat die gemeente en presederende leraar opgewonde is oor die jeug, sal dit verhoudinge begin herstel tussen die jeug en die ouer generasies. Dit sal maak dat die jongmense die ouer mense akkomodeer tydens Sondagdienste. Dit sal wedersydse respek kweek, wanneer die verskillende generasies mekaar ruimte gee om die Here te dien volgens hulle verskillende verwysingsraamwerke. Veral wanneer die ouer generasie sien dat die jongmense nie net uit "leë geraas" bestaan nie, maar dat hulle werklik die Here in gees en waarheid aanbid.

Om net hierdie boekie toe te pas gaan nie sukses bring in jou jeug nie. Wat is belangrik? Dat jy as leier by God sal uitkom. Dat die Heilige Gees gedurende die programme sal werk. Dat die *praise* en *worship* dinamies sal wees.